# Maar God!

23 Maart 2003

> Psa 30:12 *"U het my weeklag vir my verander in 'n koordans, U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord."*

Hoe wonderlik is dit nie hoe God dinge vir ons kan omdraai nie. Die vorige artikel wat ek geskryf het, het ek ook vroeg een Sondag oggend geskryf, en die titel was *"Nog 'n blik op Habakkuk"*. In daardie artikel het ek oor die verskriklike droogte gepraat wat ons deurgemaak het, en ons behoefte om in geloof te leef en God te vertrou om, ten spyte van die droogte, in ons daaglikse behoeftes te voorsien. Later daardie dag het ons 15mm reën uit die goeie hand van God ontvang. Die volgende dag het ons 23mm gehad en die dag daarna 41mm. Die laaste reenbui het so skielik gekom dat die reën nie kans gekry het om in die grond in te trek nie, en die meeste daarvan het afgeloop en binne een dag die dam wat ek gebou het, byna volgemaak! 'n Sikloon het ons oor die daaropvolgende twee weke getref en ons het 'n gemiddeld van ongeveer 25mm reën per dag gehad. Die damme het oorgeloop en die grond was goed deurweek.

O hoe lieflik is die reën ná 'n droogte! Die gras groei, die blommetjies bot, die paddas kwaak, die krieke skree, die voëltjies sing uit volle bors en die hele skepping reageer uit dankbaarheid aan ons wonderlike Skepper. Dit herinner my aan daardie Skrif wat sê,

> *Hoséa 6:3b "... Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei."*

## Die wederkoms

Met al die onrus wat in die wêreld heers, sal sy wederkoms soos die lentereëns ná die droogte wees. O hoe verlang ek nie na daardie dag wanneer die hemele sal ooptrek en *"elke oog Hom sal sien"* waar Hy in die wolke kom. 'n Magdom engele sal daar wees en die menigtes van die heiliges wat vooruit gegaan het, sal ook saam met Hom wees. Albei my ouers sal daar wees. Wat 'n reünie sal dit nie wees nie! Ons sal in 'n oomblik, in 'n oogwink weggevoer word om Hom in die lug te ontmoet. Ons ou liggame sal in 'n oomblik na verheerlikte liggame verander word. Alle pyn en siekte sal vir ewig verban word. Watter lofsange sal daar nie wees nie, wanneer Hy *"tot ons kom soos die reën"*.

Die hele skepping wat korrup geword het, sal oombliklik van daardie korrupsie en verval vrygestel word.

> Open 21:4 *"En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan."*

Wanneer sy voete weer aan die Olyfberg raak (Sagaría 14:4) en Hy sy regverdige heerskappy op die aarde vestig, sal dit gebeur:

> *Núm 14:21 "en die hele aarde van YHWH se heerlikheid vol sal word."*

Wat 'n dag sal dit nie wees nie!

Op dieselfde manier is God in staat om wonderbaarlik dinge vir ons in een oomblik te verander. Net soos wat Hy dinge vir my op my plaas verander het, het Hy ook die vermoë om die

situasie in ons kosbare land ook te verander. Hy kan in een dag *"ons weeklaag in koordans verander"*.

### Elisa

Elísa het aan die koning van Samaria, wat 'n hewige hongersnood as gevolg van die Assiriese beleg beleef het, voorspel dat God binne een dag oorvloed sou stuur. Die amptenaar wat langs die koning gestaan het terwyl Elísa gepraat het, het gelag en aan Elísa gesê:

> *2Kon 7:2b "Al maak YHWH ook vensters in die hemel, sou dit kan gebeur?"*

Elísa get geantwoord,

> *2Kon 7:2c "Kyk, jy sal dit met jou oë sien, maar nie daarvan eet nie."*

God is in staat om op dieselfde wyse dinge vir ons in Zimbabwe en Suid-Afrika om te draai. Die feit dat Hy dit nog nie gedoen het nie, dui op sy absolute beheer oor ons situasie. Soveel politieke leiers het al probeer om verandering te bring. Magtige internasionale agentskappe het al oor ons nasie se probleme beraadslag en rede self sê dat verandering op hande is. En tog gebeur dit nie. Hoekom is dit? Net soos ons gedurende die verskriklike droogte vir maande tot die Here uitgeroep het vir reën, het die Here sy eie redes hoekom Hy dinge toelaat om voort te gaan soos dit is. Die tye is in God se hande, en Hy stel leiers aan en Hy onttroon hulle.

### YHWH se weë is beter as ons s'n

Die Here het my 'n belangrike les gedurende die droogte geleer.

*Jes 55:8 “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek YHWH.*

*55:9 “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.”*

Let daarna op dat daar nie staan dat sy weë anders as ons s’n is nie. Dit sê dit is HOËR! Dit beteken dat sy weë *beter* as ons s’n is. Ons mag dalk nie die rede vir die droogte verstaan nie. Ons verstaan miskien nie waarom ‘n tiran oor ons moet heers, of waarom agt miljoen mense hongersnood in die gesig staar en slegs een maaltyd in twee dae of meer, eet nie. Maar ons **weet wel** dat God al hierdie dinge raaksien en dat Hy in staat is om dinge so radikaal om te draai dat ons van blydskap sal spring en dans.

## Maar God

Die Skrif bevat heelwat *“maar God”* frases. In elke geval was daar ‘n onmoontlike situasie wat homself voorgedoen het, en dan lees ons, *“… maar God!”* Een van my gunstelinge is:

*Efes 2:1-5 “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes … **Maar God**, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus …”*

Waar sou ons wees sonder daardie *“maar God”*? In sy groot genade het Hy my van gewisse verwoesting gered. Dit was sy genade wat my uit my sondes geruk het en my voete op die stewige rots van sy Woord gevestig het. Sy genade alleen!

## Helde van geloof

Gideon het ‘n menigte Moabiete wat die land binnegedring het, in die gesig gestaar. Hy het maar net 300 manne gehad om te veg. *“Maar God”* het vir hulle geveg en vir hulle ‘n verstommende oorwinning gegee.

Moses se ouers het ‘n bose koning se edik in die gesig gestaar, wat beveel het dat alle Hebreeuse seuntjies doodgemaak moes word. Sy ma het uiteindelik die onvermydelike gedoen en in geloof haar kind in God se hande geplaas deur hom in ‘n mandjie op die Nylrivier te plaas. *“Maar God”* wat elke geloofsdaad raaksien, het haar nie verlaat nie en Moses het uiteindelik in dieselfde howe van Farao – die man wat hom wou doodmaak - opvoeding ontvang!

Ragab, die hoër, ‘n bose en veragte Kanaänitiese vrou wat geen hoop in die wêreld teen die binnedringende Israelitiese magte gehad het nie, het in geloof na die Israelitiese spioene uitgereik. Sy het hulle in haar huis in Jérigo versteek. Haar eenvoudige geloof het nie net haar lewe gered nie, maar dit het haar in die messiaanse lyn geplaas, asook ‘n plek in die Skrif se *“Saal van roem”* in Hebreërs 11 gegee. Hoe wonderbaarlik kan God ‘n situasie nie omkeer nie! Ragab se verhaal sê vir my dat God tot die uiterste kan red! As God dit vir Ragab en Gideon en Moses kon doen, en ook vir Dawid en Samuel, vir Daniël en sy drie vriende en talle ander deur hulle van die bekke van die leeus, die punt van die swaard en selfs die kloue van die sonde en dood kon red, kan God dit sekerlik weer vir my en vir jou doen!

## Is Hy ook daar vir ons?

My liewe vriende, God is nog nie met Zimbabwe of Suid-Afrika klaar nie! Ons is in die laaste gedeelte van die proses om uit ons tuiste van sestien jaar te trek na ons nuut-aangeskafte plaas (2003) en ons beleef die oorvloedige seën van God te midde van die nasionale krisis. Net so is God in staat om dinge ook vir ons hele land om te draai. Ons nasie is in die proses van verandering. Dit sal nooit weer dieselfde wees nie. God maak daarvan seker. Ek weet nie hoe God beplan om dit te doen nie, maar ek weet dat Hy 'n plan het wat ver beter as ons s'n is. Ons planne neig daartoe om onsself in die fisiese gemaklik te maak. Sy planne begin met die geestelike en dit draai mense se harte na Hom.

Mag ons Hom hoor praat, en wanneer ons hoor, mag ons daarop reageer. Mag ons onsself voor Hom verootmoedig en Hom vertrou om *"ons weeklaag in koordans te verander"*. Wat die uitdagings ookal is waarin jy jou bevind, liewe vriend, mag jy altyd onthou dat daar vir jou ook 'n *"maar God"* is.

Met spesiale liefde aan elkeen van julle,

*Henry D Jackson*